BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

30c Dinsdag 14 Oktober 1986 WINDHOEK Tuesday 14 October 1986 No. 5270

INHOUD:

*Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWING**

No. 4 Wysiging van die regulasies uitgevaardig kragtens die Wet op Maatskaplike Pensioene, 1973: Herero's 1

CONTENTS:

*Page*

**GOVERNMENT NOTICE**

No. 4 Amendment of the regulations made under the Social Pensions Act, 1973 Hereros 1

## Goewermentskennisgewing

VERTEENWOORDIGENDE OWERHEID VAN DIE HERERO'S

No. 4 1986

WYSIGING VAN DIE REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS DIE WET OP MAATSKAPLIKE PENSIOENE, 1973: HERERO'S

Die Uitvoerende Komitee van die Herero's het kragtens artikle 17 van die Wet op Maatskaplike Pensioene, 1973 (Wet 37 van 1973), die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.1034 van 1974 verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

## Government Notice

REPRESENTATIVE AUTHORITY OF THE HEREROS

No. 4 1986

AMENDMENT OF THE REGULATIONS MADE UNDER THE SOCIAL PENSIONS ACT, 1973: HEREROS

The Executive Committee of the Hereros has under section 17 of the Social Pensions Act, 1973 (Act 37 of 1973), further amended the regulations promulgated by Government Notice R.1034 of 1974 as set out in the Schedule.

## BYLAE

1. Regulasie 3 word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"3. 'n Aansoek om 'n maatskaplike pensioen moet volledige besonderhede en inligting bevat van die aansoeker en sy gade se inkomste en bates, met inbegrip van enige groot- of kleinvee, en, indien hy of sy gade enige onroerende eiendom besit, van enige verband wat teen die titelbewys van sodanige eiendom geregistreer is.".

2. Regulasie 9 word hierby gewysig deur paragrawe (a) en (b) deur die volgende paragrawe te vervang:

"(a) die vermoë en geleenthede van 'n aansoeker of pensioentrekker om deur eie inspanning of die aanwending van sy bates, hetsy roerend of onroerend, homself te onderhou of tot sy onderhoud by te dra; en

(b) die vermoë van die aansoeker of pensioentrekker se gade om deur eie inspanning of die aanwending van sy bates, hetsy roerend of onroerend, sodanige aansoeker of pensioentrekker te onderhou of tot sy onderhoud by te dra.".

3. Regulasie 13 word hierby gewysig deur paragraaf (c) van subregulasie (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(c) (i) enige winste verkry uit die beoefening van landbou of veeteelt: Met dien verstande dat indien die aansoeker of sy gade die eienaar van groot- of kleinvee is, 'n bedrag gelyk aan *vyftien persent* van die markwaarde van sodanige groot- of kleinvee geag word bykomende inkomste uit die beoefening van veeteelt te wees.

(ii) vir doeleindes van hierdie paragraaf beteken "markwaarde" R150 vir elke stuk grootvee en R35 vir elke stuk kleinvee; of".

## SCHEDULE

1. The following regulation is hereby substituted for regulation 3:

"3. Any application for a social pension shall contain full particulars of and information on the income and assets, including any large or small stock, of the applicant and his spouse and, if he or his spouse owns any imovable property, of any mortgage bond registered against the title deed of such property.".

2. Regulation 9 is hereby amended by the substitution for paragraphs (a) and (b) of the following paragraphs:

"(a) the ability of opportunities of an applicant or pensioner to support himself or contribute towards his support by his own exertions or the utilisation of his assets, whether movable or immovable; and

(b) the ability of the spouse of an applicant or pensioner to support or to contribute towards the support of such applicant or pensioner by his own exertions or the utilisation of his assets, whether movable or immovable.".

3. Regulation 13 is hereby amended by the substitution for paragraph (c) of subregulation (2) of the following paragraph:

"(c) (i) any profits derived from the practice of agriculture or stock-breeding: Provided that if the applicant or his spouse is the owner of large or small stock, an amount equal to *fifteen per-cent* of the market value of such large or small stock shall be deemed to be additional income from the practice of stock-breeding.

(ii) for purposes of this paragraph "market value" means R150 for every head of large stock and R35 for every head of small stock; or".